# Jesus: een soos die Seun van die mens

shofar
christian church

**(2 Cor 11:4)** 4Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval.

shofar
christian church

# Die vyand wil die volgende verdraai:

1) **Die beeld van God.**
2) **Die Persoon en werke van die Heilige Gees.**
3) **Die Boodskap van die Evangelie.**

shofar
christian church


LESBOS
Pergamum
Thyatira
ASIA
Smyrna
CHIOS
Sardis
Philadelphia
LYDIA
Ephesus
SAMOS
Laodicea
PATMOS
COS

**(Open 1:9-20)** [9]EK, Johannes, julle
broeder en deelgenoot in die verdrukking
en in die koninkryk en lydsaamheid van
Jesus Christus, was op die eiland wat
Patmos genoem word, ter wille van die
woord van God en om die getuienis van
Jesus Christus. [10]Ek was in die Gees op
die dag van die Here, en ek het agter my
’n groot stem gehoor, soos van ’n basuin,
[11]wat sê: en skryf wat jy sien in ’n
boek en stuur dit na die sewe
gemeentes wat in Asië is:

shofar
christian church

**(Open 1:9-20)** na Éfese en Smirna en
Pérgamus en Thiatíre en Sardis en
Filadelfía en Laodicéa. [12]Toe draai ek my
om, om te sien watter stem met my
gespreek het; en toe ek my omgedraai het,
sien ek sewe goue kandelaars,[13]en tussen
die sewe kandelaars Een soos die Seun
van die mens met ’n kleed aan wat tot op
die voete hang, en gegord om die bors
met ’n goue gordel.[14]Sy hoof en hare
was wit soos wit wol, soos sneeu,
en sy oë soos ’n vuurvlam,

shofar
christian church

**(Open 1:9-20)** 15 en sy voete soos blink
koper wat gloei soos in 'n oond, en sy
stem soos die stem van baie waters. 16 En
in sy regterhand het Hy sewe sterre
gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard
het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig
was soos die son wat skyn in sy krag. 17 En
toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan
sy voete; en Hy het sy regterhand op my
gelê en vir my gesê: Moenie vrees
nie; Ek is die eerste en die laaste

shofar
christian church

**(Open 1:9-20)** [18]en die lewende; en Ek
was dood en kyk, Ek leef tot in alle
ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels
van die doderyk en van die dood.[19]Skryf
die dinge op wat jy gesien het, die wat is
sowel as die wat gaan gebeur;[20]die
verborgenheid van die sewe sterre wat jy
in my regterhand gesien het, en die sewe
goue kandelaars: die sewe sterre is die
engele van die sewe gemeentes, en
die sewe kandelaars wat jy gesien
het, is die sewe gemeentes.

shofar
christian church

**(Open 1:11)** 11wat sê: en skryf wat jy sien in 'n boek en **stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is**: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfía en Laodicéa.

shofar
christian church

**(Open 1:12-13)** [12]Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,**[13]en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens** met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

shofar
christian church

**(Open 2:29)** 29 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.

**(Rom 8:14)** 14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

shofar
christian church

**(Open 1:14-15)** 14Sy hoof en hare was wit
soos wit wol, soos sneeu, **en sy oë soos
’n vuurvlam**, 15**en sy voete soos blink
koper wat gloei soos in ’n oond**, en sy
stem soos die stem van baie waters.

shofar
christian church

**(Open 2:22-23)** 22Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer
nie. 23En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat gedagtes en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

shofar
christian church

**(Open 1:16)**[16]En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, **en ’n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan**, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

shofar
christian church

**(Open 1:17-18)** 17En toe ek Hom sien,
val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy
het sy regterhand op my gelê en vir my
gesê: **<u>Moenie vrees nie; Ek is die</u>**
**<u>eerste en die laaste 18en die lewende;</u>**
**<u>en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in</u>**
**<u>alle ewigheid. Amen. En Ek het die</u>**
**<u>sleutels van die doderyk en van die</u>**
**<u>dood.</u>**

shofar
christian church

**(Open 3:10)** 10Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, **sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom** om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

**(Open 2:10)** [10]Vrees vir niks wat jy sal ly nie. **Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp**, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. **Wees getrou tot die dood toe**, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

shofar
christian church

**(Open 22:17)** 17En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

shofar
christian church

# BEDIENING



shofar
christian church

# KOM GENIET ‘N KOFFIE SAAM MET ONS



shofar
christian church